Publication: Burger (Kaap Stedelik)
Date: 10 Jun 2016
Page: 3

# 'US kan nie verkragtingskultuur alleen pak'

**Malherbe Nienaber**

Stellenbosch. – 'n Verandering in kultuur op die kampus van die Universiteit Stellenbosch (US) is nodig sodat verkragtings voorkom word en slagoffers in 'n omgewing is waar hulle ondersteun word.

Dit was die boodskap van die US se taakspan oor verkragtingskultuur wat gistermiddag met personeel vergader het om sy planne te bespreek.

Die lede van die taakspan het hulle aan die personeel bekend gestel en geluister na aanbevelings en kommentaar oor hul werk.

Dr. Birgit Schreiber, senior direkteur van studentesake en voorsitter van die taakspan, het ná die vergadering gesê die taakspan sal soortgelyke vergaderings oor die komende maande hou, ook met studente.

Studente het in April by die US teen verkragting en verkragtingskultuur betoog nadat twee vrouestudente verkrag is.

> **Daar moet ook gekyk word na die kultuur wat verkragting toelaat.**
>
> — DR. BIRGIT SCHREIBER

In Februarie is 'n student op 'n bankie voor die koshuis Harmonie verkrag en in April is 'n student in 'n motor tussen die koshuise Heemstede en Metanoia verkrag.

Die taakspan is in Maart saamgestel. Schreiber het verduidelik dat daar nie net op die voorvalle van verkragting gereageer sal word nie, maar dat daar ook gekyk sal word na die kultuur wat dit toelaat.

Mense moet ook oor hul eie gedrag nadink en hoe dit moontlik 'n verkragtingskultuur bevorder deur te swyg oor voorvalle of slagoffers verder traumatiseer.



**Dr. Birgit Schreiber, senior direkteur van studentesake aan die Universiteit Stellenbosch (US) en voorsitter van die US se taakspan oor verkragtingskultuur.**

'n Gesprek is gevoer oor hoe verkragting aangemeld moet word, hoe die slagoffers hanteer moet word en oor die stappe wat die US teen beskuldigdes moet doen.

Personeellede het voorgestel fakulteite moet gevra word waar mense probleme ervaar en waar voorbeelde van 'n verkragtingskultuur opgemerk word.

Hulle het ook gevra dat die taakspan sal kyk na magstrukture tussen geslagte, drankgebruik onder studente en verkragting in die breë samelewing.

Dit is benadruk dat die US nie onafhanklik van die samelewing te werk kan gaan nie en 'n verkragtingskultuur ook by skole en kerke bespreek moet word.

Schreiber het gesê mense kan ook nie verwagtinge skep dat instellings soos die universiteit self die probleem kan takel nie. Mense moet die aktivis in hulself herontdek en uitpraat oor onaanvaarbare gedrag of dit by die owerhede aanmeld.

Die US bied berading en ondersteuning aan slagoffers, asook 'n 24-uur-krisisdiens wat studente kan bel.

This material has been copied under a DALRO licence and
is not for resale or retransmission